**49** (**vervolg**) 13] Daar staan met goddelike hoofletters: 'En jou ryk sal in ewigheid nie ophou nie!' Kyk ons nou eers na die ewige ryk van Dawid! O skitterende leuen van `n profeet wat vir Dawid vlei! Hoe dikwels het die ryk van Dawid nie reeds geëindig nie! Hyself het al die genoeë gesmaak om dit aan die sy van sy seun te beleef, en sou die seun nie deur `n eik gevang was nie, dan sou die brawe Dawid nog tienduisend Psalms vir sy liewe JaHWeH kon gesing het, maar dan het Absalom tog op die troon gesit! – Kom ons laat die verlede egter met rus, en kom laat ons die beloofde ewige ryk van Dawid in hierdie tyd beskou! O pragtige ryk! Miskien bevind die siel van Dawid hom in die keisers van Rome, wie se ryk in elk geval nou baie beter daar uitsien om vir ewig voort te duur as die slakkeryk van die groot man na die hart van Elohim! Broers, is dit vir julle nog nie sonhelder dat ons hele ou leer `n pure fabel is nie, wat maar slegs bestaan uit versinsels geneem uit die oertyd?! En ons is nog steeds die dwase, en is daaraan geheg asof daar werklik die een of ander verlossing te verkry sou wees! Watter esel of os in mensgedaante sal nog `n ou, uitgerafelde mantel aan sy liggaam duld, as hy vir die oue, tien nuwes van die beste kwaliteit kan kry?!

[14] Die geskiedenis en die persoonlike ervaring leer ons sonhelder dat daar aan die hele Mosaïese leer, en aan al die profete niks meer egte betekenis in sit nie as aan `n holle los noot nie - en tog bly ons asof verhongerd daaraan vashou soos aan iets sekers. En van pure, van ouds af ingewortelde, domheid staan ons nog geen tree opsy nie, al loop die water al by ons liggaamsopeninge na binne soos die Jordaan in die Dooie See!

[15] Staan daarom op, broers, laat ons onsself ook aansluit by die Seun van die timmerman, dan is ons geborge! Want Hy laat ons dit sien wat die oudstes in hul fabeltjies oor JaHWeH, wat hulle net so min soos ons ooit gesien het, aan ons vertel het! Ek glo met hierdie voordrag deur my het ek die opgestelde moeilike vrae in één klap beantwoord; doen dit en dan sal dit met ons almal dadelik fisies en moreel beter gaan!

[16] Roban, ons oudste, het ons met `n goeie voorbeeld voorgegaan; laat ons doen soos hy, dan kan daar met niemand van ons iets fout gaan nie! Miskien is juis hierdie, tot nog toe weinig aandagtrekkende, timmerman JaHshua, heel geskik daarvoor om die ongelukkige, sogenaamd ewige, ryk van Dawid ten minste vir `n oomblik weer te herstel! Want met Sy onbegryplike magiese mag, waarmee jy Hom met geen mag ter wêreld kan meet nie, is dit net moontlik om die baie bygelowige Romeine sodanige respek in te boesem dat hul magtige legioene daardeur maar al te gou duisend voete sou kry om op loop te gaan."

[17] Nou gaan **die oudstes, die skrifgeleerdes, fariseërs en leviete** staan en sê: "Jy verstaan die Skrif sleg as jy so `n ketterse toespraak kan hou. Vanuit `n bepaalde aardse standpunt skyn daar weliswaar iets waars in te sit, maar vanuit `n hemelse standpunt is Hy `n donker misdaad teen die onmiskenbare majesteit van Elohim. Ons is daardeur verplig om jou ter wille van ons verlossing uit ons geselskap te druk en by die heidene te rangskik!"

[18] **Die spreker** sê: "Dink julle dalk dat julle my daarmee straf? O, dan vergis julle julle geweldig! As julle dwase wil bly en verhonger, doen dit dan maar en bly in julle ou nag en duisternis! Ou domkoppe, gee my eers `n voorbeeld van `n getuie van Elohim, wat `n dooie uit die graf teruggeroep het soos hierdie Timmerman van ons!"

[19] **Die oudstes** sê: "Dit sal Elohim op die jongste dag doen!"

[20] **Die spreker** sê: "Julle god sal julle op die jongste dag sien kom! Geen mens weet ook maar iets of Elohim, soos wat ons Hom uit die Skrif ken, ooit `n mens uit die dood in die lewe teruggeroep het nie! Omdat geen mens dit ooit beleef het en aan die einde van sy kort aardse lewe slegs maar die sekerlike dood voor oë het, word hy baie bang en begin met `n bedroefde gemoed angstig te vra: 'Wat is ek, en wat word van my as die lewe eindig?' En omdat aan die sogenaamde knegte van Elohim, wat ons die bespotlike slegte eer het om te wees, nooit ontbreek het nie, moes dit as troos dien vir die talle vraendes, en moes ten bate van hul eiebelang tog iets uitdink wat die talle moeilike vraestellers ietwat rustiger sou maak. So ontstaan dan die opwekking op die jongste dag, wat die hemel waarskynlik nooit sal laat aanbreek nie. Ons denkende dwase laat ons daarmee ook nog vir die gek hou, en is daardeur blind vir die ongelooflike dade en gebeurtenisse wat voor ons oë, neuse en ore plaasvind! Is dit dan werklik so iets groots vir `n man, as hy hom as grysaard nog steeds nie kan losmaak van die reeds algeheel beskimmelde kindersprokies nie?

[21] Wat wil julle dan verder nog met die ou handelinge van die Judeërs, wat met die huidige verligting van die volke geen halwe eeu meer sal kan uithou nie? So gek sal ek in elk geval nie wees om die einde van hierdie blinde leer af te wag nie, wat slegs bestaan uit inhoudlose geskiedkundige feite, of ook welmenende en sprokiesagtige fabels, wat die bakkers wel uit die vuis aan hul suigelinge sal vertel, en waaruit die volgroeide suigelinge dan `n pragtige godsdiens van alles saamgeflans het, waarin geen sisteem en geen vonk van die een of ander Griekse logika te ontdek is nie!

[22] As JaHWeH nie eens so logies kan praat en leer soos `n armsalige Griekse filosoof nie, dan moet Hy eerder eers by die Grieke gaan lesse neem, vóórdat Hy Sy volke, wat sekerlik nie almal op hulle agterkoppe geval het nie, die waarheid, orde en wysheid gaan leer!

[23] Maar dit is vir ewig ver van my af om my JaHWeH nie wyser voor te stel as `n profeet wat deur sy kinderjuffrou gevorm is nie, wat by al sy domheid nog net genoeg gesonde verstand oor het om `n so duistere leer te bedink dat hy dit self volstrek nie verstaan en nie kan

verstaan nie, en wat ook aan sy bedoeling beantwoord omdat die leer dan deur elke ander mens nog minder verstaan sal kan word! - Sê my maar niks meer oor julle JaHWeH nie! Waarlik, as eerlike mens moet ek my nou eers regtig gaan skaam dat ek ooit so `n onmenslike dom leer kon aangehang het!

[24] Gestel egter dat daar aan die leer van Moses in die begin iets was, dan is daardie 'iets' nou seker so verdraaid deur die laagste menslike gemeenhede dat ons daarvan nou wel niks anders meer besit as die miskien wel heel verkeerd uitgesproke Naam nie!

[25] Daarom word ek vandag nog `n leerling van die timmerman JaHshua! Hy is goed, en sal `n eerlike man soos ek sekerlik nie afwys nie!"

### *Verdediging van die oudstes*

**50** **Die oudstes** sê woedend en verbaas aan die spreker: "Godleuenaar! godslasteraar! Weet jy dat jy volgens Moses nou deur jou godslasterlike toespraak verdien om dadelik in die sinagoge gestenig te word? Hoe durf jy ander mense in hul onwankelbare geloof skok, en hulle aan Elohim en Moses laat twyfel omdat jy geen geloof het nie?

[2] Het jy dan werklik so droewig min verstand dat jy nie kan verstaan dat geen enkele mens oud genoeg word om selfstandig, selfs deur `n ervaring van verskeie duisende jare, wys te word en slegs maar op eie ervarings te vertrou nie? Daarom het Elohim deur Sy Gees die mense skriftekens geleer waarmee hulle dit wat hulle beleef het, en wat hul nakomelinge waarskynlik nooit weer sal beleef nie, dat hulle dit vir hierdie nakomelinge sou opskrywe sodat ook hulle `n heilsame kennis sou kry van dit wat hulle self in hul tyd nouliks kon beleef het omdat elke tyd iets anders bring. Dit leer ons reeds duidelik uit ervaring tydens die min dae wat ons op aarde leef, waarin geen jaar, geen maand, geen week en selfs geen dag dieselfde gebeurtenisse bevat nie! Ondersoek die kronieke en ons gee jou alles wat ons besit as jy vir ons `n tyd kan wys waarin presies gebeur het wat ons nou ervaar!

[3] As daar nou geen twyfel bestaan dat alles op aarde so is en nie iets anders voorstaan nie, wat wil jy dan met jou lelike en growwe verdagmaking van die Skrif, wat `n gewyde erfenis van ons oervaders aan ons, hul nakomelinge is en wat ons in duidelike trekke leer wat hulle as vroom, op Elohim vertrouende mense almal beleef het, en watter maatreëls geneem was waardeur hulle nakomelinge makliker en ordeliker `n lewe wat aan Elohim welgevallig sou wees, kon lei soos wat hulle dit waarskynlik gedoen het?!

[4] Glo jy dat ons regtig so dom is dat ons nie sou kon beoordeel wat nou voor ons oë gebeur nie? O, dan vergis jy jou lelik! Maar ons gebruik die wysheid van ons vaders, wat dit alles vroeër oor talle jare nougeset beproef het, vóórdat hulle dit aangeneem het soos wat dit was!

[5] As ons voorouers net so liggelowig was soos jy, dan sou hulle die profete nie gestenig het nie! Wanneer hulle egter sien dat `n egte profeet ook onder die dodende klippereën geen haarbreedte van sy getuienis afgewyk het nie, dan kry sy getuienis natuurlik `n ander betekenis, en die vaders neem dit dan aan asof dit deur Elohim gestuur is!

[6] Maar as ons vaders nou so krities te werk gegaan het by die aanvaarding van `n nuwe verkondiging van die Wil van Elohim wat deur `n profeet opgestel is, is dit dan nie baie onverstandig om aan te neem dat ons leer van Elohim niks anders sou wees as `n geskrif van die een of ander goedmoedige ligsinnige klant uit die oertyd wat `n leek gevind het om alle latere generasies vir die gek te hou nie?!

[7] Jy het ons dwase en domkoppe genoem; maar is dit nie `n groot vraag of jy nie die allergrootste onder ons is nie!? Want om so liefdeloos oor sy broers te oordeel, pas nie by `n man uit die stam van Levi nie!

[8] As jy ons egter deur jou misplaasde toespraak maar slegs wou toets, of ons deur die buitengewone gebeurtenisse van hierdie tyd nog wel is wat ons as egte Judeërs behoort te wees, dan het jy `n slegte manier daarvoor gekies en eintlik self aan ons onthul hoe dit daar in jou hart uitsien.

[9] Want elke mens verraai homself die meeste as hy te oorywerig is en gee oor homself `n getuienis hoe sy gemoed daar uitsien; want dan gee hy sy lieflingsidees, neigings en hartstogte volledig vrye teuels.

[10] Maar die nugtere toehoorder het sy eie idees daarvan en het daarby die voordeel dat hy sy vriend grondig leer ken.

[11] Glo jy dalk dat ons nie weet dat daar in ons godsdiens, veral in die toepassing daarvan, baie groot misbruike ingenestel het nie, wat jammerlik genoeg, vir Moses en die profete dikwels nog sterker bedek het as die dikste onweerswolke die son? Maar die suiwer, onvervalste Skrif kan nie met sulke wolke bedek word nie, en `n egte skrifgeleerde sal tog steeds weet wat die suiwer waarheid is.

[12] Ons almal sien net so goed soos jy dat hierdie misbruike uiteindelik die suiwer leer van Elohim by die mense sal doodmaak, net soos wat die kwade houtwurms `n lewende boom doodmaak; maar dit gebeur slegs maar by mense wat soos jy is. Die leer self bly daarenteen rein en sal te alle tye haar suiwer en standvastige aanhangers hê.

[13] Het jy dan nog nooit `n boom gesien op wie se takke daar, ten nadele van die waarde wat die boom vir die mense het, parasitiese plante genestel het en hul voeding uit die boom onttrek nie? Hou die eintlike boom daarom op om te wees wat hy oorspronklik was?

*(word vervolg)*